

Die risiko's wat 'n eksekuteur in gedagte moet hou wanneer vaste eiendom, wat deel van die boedelbates vorm, nie bewoon word nie

Eksekuteurs in bestorwe boedels is besonder kwesbaar, wanneer vaste eiendom wat deel vorm van die boedelbates, nie bewoon word nie, omdat:

- * Die oorledene geen naby familie in Suid Afrika het nie;
- * Die erfgename nie in Suid Afrika woon nie;
- * Die erfgename elders in Suid Afrika bly; of
- * Daar geen naby familie in of naby die eiendom woon nie.

Behalwe die gewone versekerings risiko's, soos, inbrake, stormskade, toevallige en kwaadwillige skade is daar ook die moontlikheid van:

- * Onwettige besettings deur plakkers; of
- * Grondeise.

Alhoewel die moontlikheid van hierdie gebeure, marginaal mag wees in sekere woonbuurtes, kan jou eksekuteur nie summier aanvaar dat dit nie in middelklas of in meer gegoede woonbuurtes sal voorkom nie.

Hoe dit ookal sy, jou eksekuteur moet bewus wees van hierdie soort risikos en hy moet die nodige voorsorgmaatreëls tref. Verder is jou eksekuteur onder verpligting om die betrokke versekeringsmaatskappy in kennis te stel dat die eiendom nie bewoon is nie, asook van die moontlike tydperk wat dit leeg sal staan. 'n Eiendom wat deur die eksekuteur verkoop moet word sal besonder kwesbaar wees omdat die eiendomsagent potensiële kopers na die eiendom sal bring totdat dit verkoop is. Daar is heelwat gedokumenteerde bewyse van plundering wat plaasvind wanneer eiendomme op skou is.

Om plakkers uit 'n eiendom uit te sit is nie maklik nie. Dit is duur en tydrowend, wat 'n nadelige effek sal hê op alle betrokkenes.